## 21 Maart Psalm 1

### *Wanneer gaan dit met jou goed?*

Wil jy hê dat dit met jou goed moet gaan? Natuurlik! Leef dan Psalm 1 uit. Psalm 1 is 'n wysheidspsalm wat ons leer hoe om ons geloof prakties uit te leef. Wysheid is om God in die lewe van elke dag te dien; te doen soos Hy sê.

Dit gaan goed met jou as jy in die Woord van die Here jou vreugde vind. As jy die Woord dag en nag oordink, daarvolgens leef en nie die pad/raad van die goddeloses volg nie. Dan is jy soos 'n boom by baie water. Jy dra vrugte op die regte tyd en jou blare verdroog nie. Moenie met die goddelose saamgaan nie. Dit begin oënskynlik onskuldig, maar jy raak al dieper betrokke. Vers 1 waarsku dat jy eers saam wandel, dan staan en uiteindelik sit jy saam met die goddeloses (1953-Vertaling). Die 1983-vertaling sê: Eers volg jy die goddelose se raad, dan gaan jy om met die sondaars en uiteindelik span jy saam met die ligsinniges.

Met die goddeloses gaan dit nie goed nie. Hulle is aan die wispelturigheid van die wind uitgelewer. Hulle is die ligte, onbruikbare kaf wat van die bruikbare koring/graan geskei word en gewaai word in die rigting waarin die wind ook al waai. Hulle pad lei tot ondergang.

Waarlik die Here self sorg vir die gelowiges. Hy lei hulle op hul pad. Hy het sy eie Seun gegee sodat ons wat in Hom glo nie verlore gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16). Daarom gaan dit met gelowiges goed. Die pad van die Woord is die pad van die lewe.

Sing: Psalm 1:1,2 Ds. W. Vogel (Welkom)